Teksgedeelte: Johannes 20:19-31

Teksvers: Johannes 20:21

Tema: Gaan uit as `n geseënde gestuurde, want Christus stuur jou!

Ons het vanoggend gehoor dat ons geseënd is wanneer ons met opregte, blinde geloof glo in Jesus Christus en in sy opstanding. Blinde geloof vra dat ons geloof berus in die bewyse wat God self in sy Woord vir ons gee oor sy bestaan en dat ons op grond daarvan Jesus Christus in die geloof omhels.

Die vraag is egter, wat volg nadat ons Jesus Christus in die geloof ons eie gemaak het. Wat is volgende as ons in die geloof in die voetspore van Jesus wil volg? Sjoe, as jy dink dat ons die eerste mense is wat met hierdie vraag worstel, maak jy `n groot fout! Gaan lees weer bietjie hierdie gedeelte in Johannes 20:19-31 waarna ons sopas geluister het...

Tien van die dissipels, saam met `n ander paar mense, is bymekaar agter toe deure. Judas Iskariot het toe al die ander dissipels verlaat en homself opgehang en in vers 24 hoor ons duidelik dat Thomas nie by die dissipels was nie. Dink bietjie wat hierdie jongmanne moes beleef. Hulle Leermeester is sopas doodgemaak deur die regering, nadat een van hulle beste vriende Hom verraai het en hulle in die rug gesteek het. Hulle is bang vir die Jode – hulle eie volksgenote! – en moet daarom wegkruip. Was daar al ooit `n tyd waarin hierdie paar manne nog meer rigtingloos, planloos en toekomsloos was?

En dan skielik, uit die bloute, verskyn Jesus tussen hulle! Bykans asof niks fout is nie en asof dit dood normaal is, verskyn Christus tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle!” Hierdie groet, “vrede vir julle” is basis dieselfde as die Hebreeuse “*Shalom!”*. Dit is `n alledaagse, algemene groet, waarmee Jesus Christus die dissipels groet.

En tog, beteken hierdie groet ontsettend baie vir hierdie dissipels want dit is eers nadat Jesus Christus met hulle gepraat het en vir hulle die monde gewys het, wat daar `n vrede oor hulle kom en wat hulle bly is. Dit is eers toe wat hulle begin begryp dat alles wat Jesus vir hulle geleer het, waar geword het. Dit is eers toe, wat hulle planloosheid en rigtingloosheid einde kry en waar daar vir hulle `n duidelike opdrag gegee word. Dit is toe wat daar vir hulle gesê is wat hulle reaksie moet wees op die opstanding van Jesus en hulle geloof daarin.

“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle.” Dieselfde opdrag wat ons almagtige Vader aan ons Verlosser gegee het, word nou aan die dissipels en ook aan ons gegee, nadat ons die opstanding van Jesus Christus ons eie maak. Dieselfde gesag wat die Seun gestuur het, stuur ook ons! Duidelik, eenvoudig en voor die hand liggend word daar vir ons gesê wat ons reaksie moet wees op die opstanding van Jesus Christus.

Juis daarom dat dit hartseer is dat ons as die kerk van die Here kommissies moet hê om “sendingwerk” te doen en dat ons `n hele strategie moet uitwerk om weer op `n punt te kom om werklik uit te gaan met die boodskap van die opstanding van Jesus Christus. Daarom is dit hartverskeurend en verbysterend dat sommige van ons dink dat sendingwerk alleen die werk van predikante, sendelinge en soms ouderlinge is. Dit terwyl die Verlosser en Koning van die wêreld in alle eenvoud sê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle.”

Christus het egter nie net vir hierdie dissipels die opdrag gegee om uit te gaan nie. Hy het hulle ook toe gerus met dit wat hulle nodig het om hierdie dienswerk te doen. Hy doen dit wanneer Hy oor hulle blaas en aan hulle die opdrag gee om die Heilige Gees te ontvang. Dan gaan Hy selfs nog verder deur vir hulle te sê wat hulle moet doen wanneer Hy hulle stuur: “As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.”

Sjoe, dit sit nie aldag lekker op `n gereformeerde oor nie! Hoe kan ek nou iemand hulle sondes vergewe en só veroorsaak dat God ook hulle sondes vergewe? Probeer ek dan nou hier priester-priester speel? Dit is jammer dat ons hier `n ongelukkige vertaling het. Hierdie “vergewe” is `n passiewe woord. Dit beteken dat dit iets is wat God doen en dat ons dit dan bevestig deur ons woorde of gedrag.

Hier gaan dit dus nie oor om iemand aktief hulle sondes te vergewe, soos wanneer iemand iets teen jou doen nie. Hier gaan dit oor die verkondiging van die vergewing van sondes in Jesus Christus. Wanneer die dissipels en ons as gelowiges die Woord van God verkondig en iemand omhels Jesus Christus in die geloof, dan kan ons sê dat daardie persoon se sondes vergewe is. En wanneer ons die Woord van God aan iemand verkondig en hy of sy omhels nie vir Jesus Christus in die geloof nie, dan kan ons sê dat daardie persoon se sondes nie vergewe is nie.

Sien, dan gaan dit nie oor iets wat ons doen nie, want ons as mense is nie by magte om iemand se sondes namens God te vergewe nie. Dan gaan dit oor wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het en deur die leë graf bevestig het en wat daardie persoon in die geloof omhels of nie omhels nie. Al wat ons as geseënde gestuurdes dan doen, is om te bevestig wat God reeds gedoen het.

Die wonder van dit alles is, is dat wanneer ons die opdrag van die Here ernstig opneem en ons reageer daarmee op ons geloof in die opstanding van Jesus Christus, dan deel ons aan hierdie groet wat Jesus Christus vir die dissipels gegee het. Juis dan rus Christus se vrede op ons, want dan beleef ons die wonder daarvan dat God deur Jesus Christus vrede tussen Hom en ons gebring het toe ons dit nie verdien het nie.

Jesus Christus se vredesgroet aan die dissipels het nie vir hulle aardse vrede gebring nie...alles behalwe! Gaan kyk maar wat in Handelinge met die apostels gebeur het. Gaan lees die lyding en vervolging wat hulle deur gemaak het. Ons

mag nooit die idee kry dat die vrede van Jesus Christus beteken dat ons dit op aarde gaan maklik hê nie en ook nie dat ons nie vervolg sal word nie. Die vrede wat Christus gebring het en waarin ons as geseënde gestuurdes deel, is die vrede om te besef dat ons in harmonie met God leef.

En wanneer ons uitgaan onder die leiding van die Heilige Gees en die vergewing van sondes vir mense aankondig, bring ons ook daardie vrede van Jesus Christus aan ander mense. Dan deel ons daarin dat God sy Seun gestuur het om vrede tussen God en mens te bring. Dan is ons werklik geseënde gestuurdes, wat deur Jesus Christus self gestuur is en wat ook vredemakers is.

Reageer só op die wonderlike, blinde geloof wat ons in die opstanding van Jesus Christus het!

Amen.